

**20 November**

**Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12**

**Fokusgedeelte: Jakobus 3:1,3-5**

### **Ons moet versigtig wees met ons woorde**

Oor die mag van woorde bestaan daar geen twyfel nie. Woorde het verreikende gevolge. Hulle gaan lê in die hart. Hulle word oortel. Hulle kry momentum. Hulle word bewegings in die samelewing. Hulle word ook wonde wat nie gesond wil word nie. Woorde word in 'n oomblik magtiger as die spreker self. Hulle het gevolge wat nie ongedaan gemaak kan word nie.

Dit is dus raadsaam dat ons ons woorde tel. Dit geld oral, maar veral in die kerk. Die Here sê: "... moenie almal leermeesters wil wees nie ...". Onder leermeesters sluit Hy almal in die gemeente in. Dit is die selfsugtige en eergierige Jode wat met hulle idees en optredes aansien wou verwerf. Dit is dié wat maklik kon praat en altyd wou praat. Dit is hulle wat wou kyk wie die gewildste is en die meeste volgelinge kon werf.

Elkeen moet sy woorde weeg en oorweeg. Die invloed van ons woorde word positief en negatief beskryf. Positief is hulle soos 'n stang en 'n skeepsroer. Woorde gee koers; daarom, dink wat jy preek, wat jy by die huisbesoek sê, of vir jou vrou of jou kind of jou vriend. Die negatiewe uitwerking is soos 'n veldbrand. Dit begin klein, maar spreit uit en verwoes alles. Verkeerde woorde is 'n wêreld van ongeregtigheid. Die duiwel gebruik die dwaling van die begin af om die Woord van die Here te verdel. Wees versigtig om nie deur dwaalstandpunte die Woord van die Here verdag te maak nie.

Wat ons sê, moet getuig van ons verlossing in Christus. Dit moet tot verheerliking van God wees.

*Sing: Psalm 19:1,7 Ds PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)*